Government of **Western Australia**
Department of **Health**

# Vooraf-versorgingsbeplanning

**Beplan vir jou toekomstige gesondheidsorg en persoonlike versorging.**



## Wat is Vooraf-versorgingsbeplanning?

Vooraf-versorgingsbeplanning kan jou help om 'n sê te hê oor watter tipe sorg jy in die toekoms ontvang. Dit help ander om jou waardes, oortuigings en voorkeure te verstaan vir wanneer jy nie meer besluite oor jou gesondheid en persoonlike versorging kan neem of kommunikeer nie. Vooraf-versorgingsbeplanning kan op enige ouderdom begin. Die beste tyd om te begin is wanneer jy goed voel en in staat is om besluite te neem.

### Waarom is Vooraf-versorgingsbeplanning belangrik?

Vooraf-versorgingsbeplanning kan jou gemoedsrus gee deur te weet dat ander jou wense verstaan as daar dalk 'n tyd kom wanneer jy nie meer kan sê wat vir jou belangrik is nie.

Dit kan ook dinge vir jou familie, vriende en toekomstige gesondheidswerkers makliker maak.

Vriende en families van diegene wat aan Vooraf-versorgingsbeplanning deelneem, sê hulle voel minder gespanne en is gelukkig met die versorging wat hul geliefde(s) ontvang het.



## Vooraf-versorgingsbeplanning is 'n deurlopende proses en behels 4 sleutelelemente:

- **Dink**
- **Praat**
- **Skryf**
- **Deel**.

Jy kan tussen hierdie elemente rondbeweeg en jou keuses aanpas by veranderinge in jou persoonlike situasie, gesondheid of leefstyl.

### Dink

Jou proses van Vooraf-versorgingsbeplanning sal deur jou en jou oortuigings, waardes en voorkeure gelei word.

Spandeer tyd om jou gedagtes bymekaar te maak en te dink oor wat dit vir jou beteken om 'goed te leef'. As jy aan jou toekomstige gesondheid dink, wat bekommer jou? Is daar enige mediese behandelings wat jy nie sou wou hê nie?

### Praat

Praat met jou geliefdes oor jou waardes, oortuigings en versorging wat jy graag wil hê wanneer jy nie meer gesond is nie.

Bespreek bekommernisse oor jou gesondheid en opsies vir toekomstige versorging met jou gesondheidswerkers.

## Skryf

Wanneer jy besluit het wat vir jou belangrik is en dit met ander bespreek het, is dit ‘n goeie idee om dit neer te skryf.

Dink oor watter tipe besluite en gedagtes jy wil deel. Dit sal jou help om te besluit watter dokument(e) nuttig kan wees. Sommige Vooraf-versorgingsbeplannings dokumente wat jy kan gebruik is:

- **Waardes-en Voorkeurevorm: Beplanning vir my toekomstige versorgingsorg** is ‘n verklaring van jou waardes, voorkeure en wense met betrekking tot jou toekomstige gesondheid en versorging.
- **Vooraf Bepaalde Gesondheidsriglyne *(Advance Health Directive or AHD)*** is ‘n regsdokument wat gebruik word om jou besluite oor die mediese behandeling wat jy wil, of nie wil ontvang nie, aan te teken indien jy baie siek of beseer sou word.
- **Voortdurende Mag van Voogdy (ook genoem ‘n VMV)** is ‘n regsdokument wat gebruik word om iemand aan te stel wat namens jou belangrike persoonlike-, lewenstyl- en behandelingsbesluite sal neem wanneer jy nie meer kan nie.

Besoek healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning vir meer inligitng rakende ander dokumente.

Met versoek kan hierdie dokument in alternatiewe formate beskikbaar gestel word vir persone met ‘n gestremdheid.

## Deel

Dit is belangrik vir die mense na aan jou om te weet waar om jou vooraf-versorgingsbeplanningsdokumente te kry.

Bêre die oorspronklikes op ‘n veilige plek. Laai ‘n afskrif op ***My Health Record*** sodat mediese personeel toegang tot die inligting kan kry. Jy kan ook ‘n afskrif deel met:

- Familie, vriende en versorgers
- Voortdurende Voog(de)
- Voortdurende Volmag(te)
- Gesondheidswerkers en spesialiste
- Residentiële versorgingsfasiliteit vir bejaardes
- Plaaslike hospital
- Regsverteenvoordiger

## Vir meer inligting

**Departement van Gesondheid WA Vooraf-versorgingsbeplanning Inligtingslyn**

Vir algemene navrae en om gratis bronne oor Vooraf-versorgingsbeplanning te bestel

Telefoon: **9222 2300**

E-pos: **acp@health.wa.gov.au**

Webtuiste: **healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning**

Vervaardig deur *End-of-Life Care Program*
© Departement van Gesondheid 2022

Kopiereg op hierdie materiaal berus by die staat Wes-Australië, tensy anders aangedui. Afgesien van enige billike hantering vir die doeleindes van private studie, navorsing, kritiek of hersiening, soos toegelaat ingevolge die bepalings van die Outeursregwet 1968, mag geen deel gereproduseer of hergebruik word vir hoegenaamd enige doeleindes sonder skriftelike toestemming van die Staat van Wes-Australië nie.

OCM-014209 AUG'22